



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

19/2026

28 Mei 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Ons het onlangs vir die tweede opeenvolgende jaar 'n Sake-ontbyt aangebied. 'n Geleentheid waar gemeenskapsleiers, sakelui en opvoedkundiges byeengekom het om oplossings vir groeiende uitdagings in die Moot te bespreek.

Die doel van die Sake-ontbyt was om die gemeenskap en sakeleiers saam te bring om die Mootgemeenskap te versterk – tot voordeel van ons skole, ons leerders en die toekoms van die Moot. Kernkwessies soos infrastruktuurverval en dienslewingsprobleme is bespreek, met sterk klem op die belangrikheid van samewerking tussen die gemeenskap, skole en die privaatsektor.

Ons was bevoorreg om vanjaar vir Johan Kruger van Mind the Heart, Cilliers Brink en Prof Johan Oberholster van Die Moot-projek as sprekers by die geleentheid te verwelkom.

As skool het ons beklemtoon dat skole en die sakegemeenskap nouer moet saamwerk om jongmense in die Moot te ondersteun, hulle aan te moedig om hul skoolloopbaan in die Moot te voltooi en uiteindelik ook hul toekoms hier te vestig. Wanneer besighede en skole saamwerk, kan groot dinge vir die Moot moontlik word.

Baie dankie aan elke persoon, besigheid en gemeenskapsleier wat hul weg oopgesien het om die ontbyt by te woon en deel te wees van hierdie belangrike gesprek. Julle betrokkenheid, insette en bereidwilligheid om saam oplossings te soek, word opreg waardeer.

Deur samewerking, gedeelde verantwoordelikheid en 'n gemeenskap wat saamstaan, kan ons 'n sterker, veiliger en meer hoopvolle toekoms vir die Moot en ons jongmense bou.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 15 Junie : Skoolvakansiedag
- 16 Junie : Jeugdag
- 19 Junie : Pa-en-seun aand Eksamen eindig
- 22 Junie : Winterskool begin
- 22 – 26 Junie: Normale skoolweek
- 26 Junie : Skool sluit

Eksamenwenk!

Selfone in eksamentyd!

Dit is baie belangrik dat leerders nie tydens eksamens te veel skermtyd het nie.

Die son straal natuurlike blou lig uit, wat sag is op die oog. Enige skerm straal blou lig uit maar dit is mensgemaak en hard.

In die menslike liggaam is daar 'n chemiese stof genaamd MELATONIEN wat belangrik is vir twee funksies:

- Bevorder slaap
- Stoor alles wat jy geleer het in jou hippokampus (deel van die brein wat belangrik is vir geheue en leer).

Blou lig (skerms straal dit uit) vreet Melatonien op en veroorsaak dat 'n persoon nie goed slaap nie.

Identiteitsdokument-aansoeke

Ons verwys na die Departement van Binnelandse Sake se onlangse besoek aan die skool om leerders in graad 10 tot 12 met ID-aansoeke by te staan.

Sodra die Departement van Binnelandse Sake die skool inlig oor wanneer die identiteitsdokumente beskikbaar sal wees, sal hierdie inligting aan ouers deurgegee word.

Neem asseblief kennis dat die skool slegs die fasiliteit beskikbaar gestel het.

AKADEMIE

Graad 12 Winterskool

Die graad 12-leerders se Winterskool word hierdie jaar aangebied vanaf 22 Junie tot 11 Julie.

Registrasie

Leerders moet asseblief [hier](#) registreer.

[Winterskoolbrief](#) met inligting t.o.v. vakke, dae en tye.

Toerisme PAT: Gr10 en 11

Ons deel graag die volgende inligting ten opsigte van die Toerisme PAT vir 2026 met u.

Datum : 22 Junie (tydens eksamen)
Plek : Skoolsaal

- Gewone eksamenreëls geld in terme van kleredrag, netheid en gedrag.
- Leerders het 5 ure om die taak te voltooi.

- Die sessie word opgedeel in twee dele met 'n pouse van 30 minute tussen-in.

SOSIAAL

Graad 11 (2026) Sosiale Komitee vir Matriekafskied 2027

Ons nooi graag AL ons Graad 11 (2026) ouers uit om deel te word van die sosiale komitee vir die Matriekafskied van 2027.

Hierdie besondere geleentheid is een van die hoogtepunte op ons Oosie-kalender, en ons wil graag saam met entoesiastiese ouers werk om vir ons kinders 'n onvergeetlike matriekafskied te skep.

Die sosiale komitee sal betrokke wees by die beplanning, dekor, fondsinsamelings en algemene reëlings vir die Matriekafskied. Of jy nou kreatiewe idees het, lief is vir dekor, kan help organiseer, of bloot graag 'n hand wil bysit — ons sal jou betrokkenheid opreg waardeer.

Dit is ook 'n wonderlike geleentheid om nuwe mense te ontmoet, saam herinneringe te bou en deel te wees van iets besonder vir ons matriekgroep van 2027.

Indien u belangstel om deel te word van die sosiale komitee, kontak asseblief vir me Tasmin Jordaan by jordaant@oos-moot.co.za.

Ons sien uit daarna om saam met julle 'n besonderse matriekjaar te beplan!

SPORT

Bepalings, oefentye, programme en uitslae

Hierdie inligting word, soos ontvang, op die skool se kommunikasiekanale (by die onderskeie sportsoorte geplaas).

HOKKIE

Wedstryd en busreëlings

Seunshokkie : [29 Mei 2026](#)
Plek : Sutherland
Busvertrektyd : 12:30
Terugkeertyd : Ongeveer 19:30

Dogtershokkie : [30 Mei 2026](#)
Plek : Sutherland
Busvertrektyd : 06:00
Terugkeertyd : Na afloop van laaste wedstryd

RUGBY

Wedstryd en busreëlings

Datum : [30 Mei](#)
Plek : Montana
Busvertrektyd : 06:00
Terugkeertyd : Ongeveer 14:30 terug

SAGTEBAL

Proewe

Die sagtebalproewe vir alle belangstellende leerders vind soos volg plaas.

Let asseblief op die datums in rooi wat 'n verandering aandui wat die proewe vir die o.14-dogters betref.

Datum	Ouderdom	Tyd
30 Mei	o.15 tot o.19	14:00 tot ± 17:00
3 tot 5 Junie	o.14	15:30 tot 18:00
6 Junie	o.14	08:00 tot (10:30-12:00)

Plek : **Atletiekveld (Haarhoffstraat)**
 Registrasie : **Registreeer NOU**. Registrasies sluit een week voor die proewe.

Navrae kan gerig word aan t.ferreira@oos-moot.co.za.

KULTUUR

KOOR

Optrede : 5 Junie
 Tyd : 19:00
 Plek : St Albans Cathedral
 Busvervoer vir koorlede
 Vertrektyd : 15:45
 Terugkeertyd : 21:00 by die skool

[Kaartjies](#) : Aanlyn – volg die skakel.

OOSIE-ENGELE

Oosie-Engle Boks-insameling

Volgende kwartaal begin Oosie-Engle met 'n spesiale boks-insameling vir ons mindergegoede seuns en dogters in ons skool en gemeenskap.

Ons nooi almal uit om betrokke te raak deur 'n boksie met noodsaaklike items saam te stel – vir meisies en/of seuns.

Meisies se boksies kan items soos gesigwas, deodorant, lyfroom, sanitêre produkte, lyfseep, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, haarrekkies, 'n haarborsel, kam en selfs 'n lekker sjokolade bevat.

Seuns se boksies kan items insluit soos deodorant, lyfroom, lyfseep, gesigwas, spuitgoed, tandeborsel, tandepasta, skeermes, seep, sjampoe, 'n kam en 'n klein bederfie soos sjokolade.

Elke boksie gaan nie net praktiese hulp bied nie, maar ook wys dat iemand omgee.

Skenkings kan voor of op 31 Julie by K18 ingehandig word.

Kom ons staan saam, gee met liefde en maak 'n verskil in iemand se lewe!

RASIELEIERS

Kompetisies

Datum	Kompetisie
30 Mei	MOVE – Laerskool Bergsig (15:00)
6 Junie	MOVE
7/8 Augustus	IFAA (proewe en semi's)

BUITEPRESTASIES

SPORT

Erkenning van buite-skool prestasies (prestasies buite skoolverband).

Kliek op die skakel hieronder.



PROJEKTE

Boubakstene benodig

Baie, baie dankie vir die skenkings wat reeds ontvang is. Die projek waar die stene huidige gebruik word (ongeplaveide area tussen die personeelkamer en klaskamers) is in proses.

Ons benodig egter dringend nog stene om die res van hierdie en ander projekte te finaliseer

Ouers wat oor oorskot *HALWE OF HEEL* boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.



Reëlins vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Geboue- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooië vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

"STICK DRIVE" - Hokkie

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.



PLANTCARE SERVICES BIED:

- Binnenshuise plant-installing en -instandhouding
- Tuinontwerp en besproeiing
- Plantdekorverhuring
- Weeklikse versorging

Tel: 072 500 2889 / 072 080 7540

Besoek www.plantcareservices.co.za
vir meer inligting. Stuur 'n e-pos
na info@plantcareservices.co.za
of plantc@mweb.co.za

2 JUNIE — 2026 — AKASIA GHOLFBAAN

OOSIE BL GHOLFDAG

4 BAL R5 000

Ingesluit: Gholffkar, Halfweg Ete,
Pryse Te Wen, Prysuitdeling met Ete & Veiling

PUTJIE BORGE — R6 000 —

Bring eie bemerkings
materiaal

BESPREKINGS EN NAVRAE:
MATT TALJAARD
084 677 1025

SKANDEER
om in te Skryf

SKANDEER
vir Putjie Borg

Dankie aan die volgende Oosie Gholfdag borge wat reeds putjies geborg en betaal het. Ouers word aangemoedig om ons borge te ondersteun.

CINDY-ANN LE ROUX
HR / Creditors

012 332 1818
083 226 2307
cindy.ann@blitspta.co.za

www.diydepot.co.za

Address:
800 34th Avenue,
Villiers, Pretoria

BLITS

Top Roof

Waterproofing

Wiskunde en WETENSKAP HULPBRONNE

- ✓ Flitskaarte
- ✓ Teorieboek
- ✓ Vraestelle

Alles wat jy nodig het om 'n **SUKSES** van jou studies te maak!

Teen 'n Koste van:
R330!!

www.wenwetenskap.co.za

<https://www.wenwetenskap.co.za>





